BLITSNUUS – Vrydag 29 Mei 2020

LIEWE STELLASTRATER

SOOS EK DIT SIEN – JAMES "DIE ONSEKERHEID KRY 'N MENS ONDER"

Ek dink nie ek het al in my lewe soveel keer in 'n week gesê "Ek weet nie!". Dit was na aanleiding van kollegas wat skakel om te hoor wat Stellastraat gaan doen in die lig van die nuwe regulasies vir kerke in vlak 3 van grendeltyd. Die standpunt wat ek gisteraand gehad het, blyk toe om vandag nie meer water te hou nie. En laat ek dit nou maar erken. Dit is aaklig om so onseker te wees van wat die regte ding is om te doen. Dit is een ding om soepel genoeg in jou denke te wees om van standpunt te kan verander, maar dit raak nou te veel. Ek dink ek het in die afgelope drie weke meer van standpunt verander as die vorige dertig jaar van my lewe. Dit is seker 'n oordrywing, maar op 'n manier wil ek probeer om die frustrasies te verwoord. Toe Jan Groenewald by die kerkraad 'n voorlegging doen oor die impak van die pandemie op Stellastraat se finansies merk hy terloops op *"Die kans dat dit wat ons hier sê more nie meer waar gaan wees nie, is baie goed."* Verandering, radikale verandering en onsekerheid gaan hand aan hand. Vir die afsienbare toekoms sal ons moet leer om daarmee saam te leef. En ek wonder by myself hoe op aarde ons hierdie onstuimige tyd gaan oorleef. En ek neem myself voor om weer te gaan dink oor die betekenis van Romeine 8 vir die tyd waarin ons nou leef.

- *"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie"***.**

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

SONDAG 31 MEI SE OORDENKINGS

Ons sluit hierdie week se **Pinksterreeks** oor **"Kom laat ons bid"** Sondag tydens die Pinksterfees af. Ons het hierdie jaar nie net die tuisgemaakte sop en brood gemis nie maar ook die nagmaal wat ons gewoonlik saam met Pinksterfees vier. Die Tuis-Adoramus is hierdie week deur Anton opgestel en word so geskryf dat jy dit rustig by die huis in jou eie stiltetyd kan lees en oordink. Jy kan dit ook as 'n Bybelstudie gebruik.

Hier is die skakels:

- **Weeklikse oordenking** (James) https://youtu.be/YUEmBtobSbg
  - Die tema is *"Die God van duskant"* uit Psalm 139.
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/E9o3PTUbfWc
  - Die tema is *"God woon by ons"* en die teks is Hand 17:24-28.
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die Kleuterkerk se tema gaan:
  - Gesels as gesin oor:
    - "Die Here woon in my" – hoe raak dit my binnekant en my buitekant?"

- **Tuis-Adoramus** (Anton) Die teks is Joh 20:19-23 en die tema is "Die aanraking van God".
    - http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-31-Mei.pdf
- **Video vir jongmense**: Hierdie week het ons nie 'n nuwe video ontvang nie.

COVID 19 EN STELLASTRAAT SE FINANSIES

"'n Bekkige gemeente is 'n volmondige gemeente en omgekeerd". Dit beteken dat 'n gemeente wat gegroei het in hulle vertroue in mekaar en hulle betrokkenheid by mekaar, is 'n gemeente wat met mekaar praat en wat na mekaar luister. Ons is bevoorreg om dit van Stellastraat te kan sê. Aangeheg is 'n dokument wat deur Diensgroep Administrasie onder die voorsitterskap van Jan Groenewald opgestel is en wat by die kerkraad se geskiedkundige Zoom-vergadering van 18 Mei 2020 gedien het. Hierdie dokument gee jou 'n goeie oorsig oor wat die invloed van die pandemie op die gemeente se finansies is en hoe ons as gemeente in hierdie moeilike tyd mekaar kan help. As jy enige vrae het, is jy welkom om Jan (083-302-9454) of enige van die leraars te kontak. Indien jy die dokument op die webblad wil lees, gebruik hierdie skakel http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Gemeente-kommunikasie-oor-Covid19-en-Finansies_280520.pdf

Ons is bewus van die ekonomie wat dit vir talle huishoudings in hierdie grendeltyd baie moeilik maak. As ons op enige manier kan help om hande te vat, moet asseblief nie huiwer om ons te kontak nie.

GAAN DIE KERK SY DEURE OOPMAAK?

Toe die inperkings afgekondig is, het ons met 'n gesegde begin "***Die kerk is oop, net die gebou se deur is toe"*** Op Dinsdag 26 Mei 2020 het die President aangekondig dat geloofsgroepe vanaf 1 Junie 2020 wel onder streng maatreëls bymekaar mag kom. Hy het ook erkenning gegee vir die rol wat geloofsgroepe speel in hierdie moeilike tye deur mekaar te versorg en mekaar hoop te gee.

As leraars het ons onmiddelik 'n aanvoeling gehad dat die oopstel van die gebou vir eredienste onder streng maatreëls nie so eenvoudig is nie – bv. hoe bepaal ons watter 50 kan erediens toe kom? Daar word spottende geantwoord "Nooi die 50 wat die meeste skinder dan maak jy seker die hele gemeente hoor die preek". Donderdag 28 Mei 2020 het die kerkraad weer 'n Zoom-vergadering gehou om die saak te bespreek.

Sake wat aandag gekry het, is 1] Wat is wettiglik moontlik? 2] Wat is die verantwoordelike ding om te doen in hierdie tyd? 3] Hoe kan ons kerk wees deur mekaar se geloofsbehoeftes aan te spreek? 4] Hoe kan die leraars as "voorste linie werkers" lidmate pastoraal versorg? 5] Hoe kan ons mense se menswaardigheid erken deur hulle die vryheid van keuse te gun?

Met dit alles inaggenome, het die kerkraad die volgende besluite geneem:

1. Om in die lig van alle onsekerhede en die gesondheid van lidmate nie nou met volledige eredienste te begin nie;
2. Om die Kapel oop te stel as 'n spirituele ruimte. Die Kerkraad dra dit aan die leraars op om in oorleg met die kerkkantoor die nodige reëlings te tref ten einde seker te maak dat aan alle bepaalde regulasies voldoen word.
3. Dra dit aan die leraars op om op die bes moontlike manier die lidmate te toets oor aan watter vorme van kerkwees hulle op die oomblik behoefte het, soos eredienste, Bybelstudies, die Bybel in ons lewe reeks, ens.;
4. Dra dit aan die leraars op om hulle oog in die suil te hou en enige tyd in oorleg met die voorsitters van Diensgroepe na die Kerkaad terug te kom, voorlopig elke drie weke.

Ons beplan om die Kapel op weeksdae in die middae vir sekere tye oop te stel waar enige persoon kan kom rustig word. Met inagneming van al die Covid 19 regulasies wil ons met musiek, Skrifgedeeltes, simbole en die aansteek van kersies vir mense die geleentheid gee om te kom stil word. Daar sal vir die hele tyd wat die Kapel oop is, 'n leraar ook daar wees.

JONGMENSE GESELS SAAM OOR PINKSTER

Ons is baie opgewonde oor die jongmense wat aanhou om selfs in die grendeltyd nog met mekaar oor geloof te gesels. Die jeuggroepe gaan aan al kan die jongmense en groepleiers nie fisies bymekaar uitkom nie. Hierdie week gaan beide die juniors en die seniors oor Pinkster en die werk van die Heilige Gees gesels.

Die seniors gaan Sondag om 18:00 'n **Zoom-Pinkstersaamtrek** hou deur in al die jeuggroepe saam na musiek te luister en oor die Heilige Gees te gesels. ***Ons vra asseblief dat julle as ouers julle kinders aanmoedig om by hierdie gesprekke in te skakel***. As jy onseker is by watter gesprek jou kind kan inskakel, kontak asseblief vir 10ni (083-627-5086).

Hierdie week is daar vir die tieners 'n nuwe video oor geloofsvrae en wel oor die Drie-Eenheid (sien skakel hierbo). Moedig die jongmense asseblief aan om na die video te kyk.

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL – WAAR ELKEEN 'N VERSKIL KAN MAAK

Baie dankie vir elkeen wat op een of manier by die gemeente se uitreikprojekte betrokke is. As jy in hierdie tyd van inperking by enige van Stellastraat se **Uitreikprojekte** wil betrokke raak, kontak gerus vir Fay (083-478-0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

Ons wil graag help – so as daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

ONS DINK AAN

- Tharina Odendaal van Gift Acres 9 wat in Pretoria-Oos hospitaal aansterk na 'n groot operasie.
- Johan Olivier wat vir Covid 19 positief getoets is.
- Annelize Coetzee van 24ste Straat 68 wat Maandag aan haar skouer geopereer word.
- Leon Herbst van Mainstraat 237 word tuis versorg en is baie siek.
- Moedie Reyneke van Floriannestraat 976 is in die Jakaranda hospitaal opgeneem.

VERJAARSDAE (31 Mei – 6 Junie)

- **Sondag 31 Mei**: Roza Botha, Eleanor Du Preez, Muller Markram, Estelle Taute, Johan van der Merwe, Adéle van Tonder, Janco Verhage.
- **Maandag 1 Junie:** Elizabeth Barnard, Lorraine Barnard, Annabelle Borchardt, Adéle de Beer, Lisl du Pisanie, Thyler du Plessis, Cayden Esbach, Jordan Esbach, Arno Goosen, Francois Grobler, Louis Heyns, Christo Knoetze, EJ Leach, Aloïce Lombard, Jeanette Olivier, Livvy Pienaar, James Stone, Fritz Thirion, Hanlu Wessels.
- **Dinsdag 2 Junie**: Abigail Erasmus, Renier Kruger, Thana Louw, Shaun Swart, Lizelle van der Merwe, Arno van der Walt, Awie Viljoen.
- **Woensdag 3 Junie**: Marise Boer, Jean-Prieur du Plessis, Johann Fischer, William Francis, Lieze Heyns, Madé Hugo, Dou Kleefstra, Louruh Scholtz, Martin Willemse.
- **Donderdag 4 Junie:** Albert Alberts, Lourens Bosman, Abrie Myburgh, Karin Smith, Iwan Van Rooyen.
- **Vrydag 5 Junie:** Isabel Davis, Rohan Grobbelaar, Leahne Nel, Bianca Pretorius, Ammie Stiglingh.
- **Saterdag 6 Junie**: Wilma Botha, Teo Louw, Nicholas Oosthuizen, Willem Pienaar, Su-Marí Roux, Layla Sadler, Marius van Jaarsveld, Liezel van Niekerk, Ronel Viljoen.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die Weeklikse Oordenkings op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE